Verwysing: 20170203-7973
13/8/3
Navrae: CA Berry

Eksamenadministrasieminuut: 0001/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distriks-kantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-koördinering en -advies, Vakadviseurs, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, GLOO-koördinering en -advies, Assesserings-koördineerders en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen voorberei

Onderwerp: Nuwe koerierdiensverskaffer vir eksamens – CourierIT

1. Die doel van hierdie minuut is om alle prinsipale in kennis te stel dat Nasionale Tesourie 'n nuwe transversale kontrak aangegaan het om koerierdienste aan alle provinsies te verskaf.

2. Die nuwe diensverskaffer vir koerierdienste binne die Wes-Kaap, spesifiek om eksamenmateriaal te koerier, is **CourierIT SA (Edms.) Bpk.**

3. Die kontrak met **Skynet SA (Edms.) Bpk.** het op **31 Januarie 2017** geëindig. Prinsipale word dus versoek om seker te maak dat geen eksamenverwante materiaal ná **31 Januarie 2017** met Skynet na die WKOD gestuur word nie, aangesien skole dan die koste daaraan verbonde sal moet dra. **CourierIT**, as die nuwe koeriermaatskappy, sal vanaf 01 Februarie 2017 vir die aflewering van vraestelle en die afhaal van antwoordstelle verantwoordelik wees.

4. CourierIT-drywers en -assistente sal duidelik met permitte en identifikasiekaarte identifiseerbaar wees. Die permit en identifikasiekaart moet aan die prinsipaal getoon word wanneer vraestelle afgelewer en antwoordstelle opgelaai word.

5. Moet asseblief nie huiwer om die volgende WKOD-amptenare met enige verdere navrae te skakel nie:
    - Mev Shelva Willoughby by tel. 021 467 2923
    - Mnr Clive Berry by tel. 021 467 2265
    - Mnr Errol van Breda by tel. 021 467 2987.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-02-07